

Sondag 11 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 1:1-6; Heidelbergse Kategismus 34:94

Fokusgedeelte: Sefanja 1:4-6

“Jy mag naas My geen ander gode hê nie”

Sefanja tree op tydens die regering van Josia – die laaste koning wat ’n poging aangewend het om die volk Juda weer op die regte spoor te bring voor die ballingskap.

Wanneer ons 2 Konings 22:3 – 23:27 lees, kry ons ’n prentjie van hoe ver die volk van God die pad byster geraak het. In ons fokusgedeelte kry ons drie kategorieë van oortredings waaraan die volk hulleself skuldig gemaak het en waarom die toorn van God teen hulle ontvlam het: 1) blatante afgodery (vs 4-5a) – waar Baäl en die hemelliggame aangeroop is vir voorspoed en sukses en dit op allerlei maniere wat gefokus het op die mens en sy plesier; 2) sinkretisme (vs 5b) – waar die volk hulle brood aan beide kante wou botter deur God te aanbid, maar ook vir Baäl; en 3) ’n afdwaal en wegdraai van God (vs 6) – waar die warboel van idees en godsdienstige gebruike op die ou end tot gevolg het dat die aanbidder sy rug op alles draai.

Van hierdie sonde moes God die volk suiwer deur hulle te laat swaarkry in ballingskap, afgesny van sy aangesig. Wanneer ons die volk weer ontmoet in die Nuwe Testament, is hulle streng monoteïsties en aanbid net een God. Maar van hierdie selfde sondes moes die Here weer later sy kerk suiwer in die tyd van die Reformasie. Weer het die aanbidding van alles behalwe God en die aanroep van heiliges sowel as die Here asook die totale verwerping van alles wat waar was, hoogty gevier. Daar het die Here dit so beskik dat ons vandag ’n belydenis het wat ons op die kernwaarhede van die Woord wys en wat vir ons ’n padkaart is waarmee ons koers kan hou.

Kyk net hoe duidelik word die oortredings van ouds bekamp in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34:94. Laat ons as kerk die skat wat ons het, benut om ons pad reg en suiwer te hou en te sorg dat ons net die enige, ware God aanbid.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)